# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 12 JULIE 2026

Jesaja 55:1-13 | God se Woord staan vas

Oggenddiens 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Herselman

Meditatiewe diens 09:00 in die kapel | Ds. Schoombie

## MYLPALE BY BABAS EN KLEUTERS

Sluit by ons aan vir 'n insiggewende werkswinkel waar ons motoriese, perseptuele, en kognitiewe mylpale van babas en kleuters ondersoek. Ons bespreek hoe spraak, taal, gehoor, skermtyd en daaglikse interaksies 'n blywende invloed op jou kind se toekoms het. 'n Spraakterapeut, Lindie de Koning en arbeidsterapeut, Zoné Janse van Rensburg, sal bewysgebaseerde inligting deel en algemene wanopvattings en feite rondom vroeë ontwikkeling belig – volledige inligting oor vrae wat beantwoord sal word, is op www.stellenberg.co.za.

DATUM: Donderdag 30 Julie 2026 TYD: 18:00 - 19:30

PLEK: Binneplein TOEGANG: Gratis

BESPREEK: Stuur 'n e-pos na ontvangs@stellenberg.co.za of stuur 'n WhatsApp na 081 045 2428.

## PHILIP MOOLMAN-OPTREDE

Kom geniet 'n heerlike oggend saam met die bekende akteur en sanger, Philip Moolman.
Enige iemand is welkom. Nooi vriende, familie of bure saam.
**Woensdag 29 Julie om 10:00 in die kleinsaal**
Koste: R120 per persoon. Dit sluit ook ligte verversings in.
Kaartjies kan by Willma, kerkkantoorontvangs, gekoop word.

## BLOKDIENS JOHAN VISSER

Lidmate wat in ds. Johan Visser se bedieningsarea woon, word uitgenooi na 'n spesiale blokdiens saam met hom op Sondag 26 Julie om 09:00 in die grootsaal. Dit is 'n kort diens met geleentheid vir saamkuier na die diens.


KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


SNAPSCAN-KODE

DEUROFFER

Geen

## FOKUSPROGRAM

**Ons STREEF om met die liefde van Christus oor grense heen uit te reik.**

Ons gaan tydens die fokusprogram vanaf 16 Augustus tot 20 September spesifiek aandag gee aan hierdie waarde. Ons nooi elke lidmaat om hom/haarself in dié tyd tot die volgende te verbind:

- Woon elke Sondag een van ons eredienste by.
- Bestudeer die materiaal wat tydens die fokusprogram beskikbaar gestel word tuis, of verkieslik saam in 'n kleingroep.
- Verbind jou daartoe om uit dankbaarheid finansieel tot die gemeente se bedienings by te dra. Dit kan geskied deur:
- 'n Maandelikse dankoffer (verwysing *dankoffer);*
- 'n Ekstra eenmalige bydrae as tiende (verwysing *tiende*); of die voltooiing van 'n debietordervorm.

**So lyk die program:**

SONDAG 16 AUGUSTUS | ONS STREEF
Matteus 6:19 en 21:33

SONDAG 23 AUGUSTUS | ONS STREEF
Deel van 'n gemeenskap wat ons vorm | Filippense 2

SONDAG 30 AUGUSTUS | ONS STREEF
Om met die liefde van Christus . . . | Joh. 13:34-35 en 1 Kor. 13:1-7

SONDAG 6 SEPTEMBER | ONS STREEF
Van Sondag tot Saterdag
Die liturgie van streef – praktyke wat ons vorm | Romeine 12:1-12

SONDAG 13 SEPTEMBER | ONS STREEF
Inklusief uit te reik | Galasiërs 3:28 en Efesiërs 2:11-22

SONDAG 20 SEPTEMBER | ONS STREEF
Oor grense heen
Neem deel aan God se sending – Missio Dei | Matteus 28:16-20 en Markus 10:45

### GEBEDSVERSOEKE

Gee asseblief gebedsversoeke deur aan ds. René Herselman by rene@stellenberg.co.za of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 079 893 8104.

### BREIGROEP

Die breigroep ontmoet om Maandag 3 Augustus om 09:30 in die markplein. Nuwe lede is baie welkom.

### SABBATSVERLOF

Neem asseblief kennis dat dr. Marius Breytenbach vanaf 20 Junie tot 20 Julie 2026 met sabbatsverlof is. Die ander leraars sal in dié tyd waarneem.

## BYBELSKOOL JONG VOLWASSENES

**Jerusalem die stad van vrede**

Dinsdag 4 en 11 Augustus 2026 18:30 in die grootsaal. Toegang: gratis

IMAX rolprent – Jerusalem: In hierdie indrukwekkende 45 minuut lange rolprent gaan ons die ou stad Jerusalem en verskeie bekende plekke wat in die Bybel genoem word, verken. Die naam Jerusalem beteken stad van vrede. Tog, is dit dié stad op aarde wat al die meeste kere vernietig en herbou is. Hierdie kort dokumentêr gaan oor hoe Jode, Christene en Moslems vandag in een stad – met 'n lang geskiedenis van oorlog en vernieting – saamleef.
Besprekings: ontvangs@stellenberg.co.za of stuur 'n WhatsApp na 081 045 2428.

## 'N RETRAITE VIR MANNE

Sluit vanaf 16 tot 18 Oktober by die gemeente se manne-retraite by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum aan. Die retraite, gelei deur ds. Johan Visser, bied geleentheid vir afsondering, nadenke en gebed, in 'n ruimte waar ons mekaar kan nooi om tot rus te kom en ons wortels in Christus herontdek.

Koste: R1 500 per persoon. Besprekings: Skryf aanlyn op ons webwerf (www.stellenberg.co.za) in.

Navrae: Ds. Johan Visser, johan@stellenberg.co.za | 072 603 3205.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van

- Daniël Bruwer Hayman ( 29/11/1937-06/07/2026). Bruwer was sedert 1971 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Elize en seun, Hein, wat hy agterlaat. Gedenkdiens: Vrydag 7 Augustus.
- Meryl Magdalena Johanna Mouton (09/09/1950 - 01/07/2026). Meryl was sedert 2010 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar man, Wynand en kinders wat sy agterlaat. Gedenkdiens: 17 Julie om 11:00 in die kerk.

### BYBELSTUDIEGROEP VIR VROUE

Die groep kom tydens skoolkwartale op Maandae om 10:00 in die binneplein byeen. Die groep hervat weer op Maandag 27 Julie.

Nuwe lede is baie welkom.

### WINTERHULP

Ons is nou weer in die koudste deel van die winterseisoen en wil graag uitreik na diegene wat nie bevoorreg genoeg is om warm te slaap, of iets warms het om te eet nie. Help asseblief met die volgende:

- Skenk skoon, bruikbare klere (veral warm klere) en komberse vir minderbevoorregte kinders en volwassenes. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.
- Kook sop en gee dit in bevrore formaat by die kerkkantoor of markplein af. 'n Warm koppie sop kan op 'n koue wintersdag 'n groot verskil maak. Skenkings van sopbestanddele sal ook waardeer word. Gee bydraes by die kekkantoor af.

## FINANSIËLE BYDRAES

**Elektroniese oorbetalings** kan na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gemaak word, of gebruik die **SnapScan** QR-kode indien jy die SnapScan-toep gebruik.

**Debietordervorms** kan van die webwerf afgelaai word. Oorweeg asseblief om maandeliks per debietorder tot die gemeente se werksaamhede by te dra.

## SLUIT AAN BY ONS WHATSAPP-GEMEENSKAP

Sluit gerus aan by Stellenberg-gemeente se WhatsApp-gemeenskap en ontvang weekliks op Vrydae die *Stellenberg-weekliks* op jou selfoon.

Daar is ook verskeie WhatsApp-groepe waarby jy volgens behoefte kan aansluit. Dit sluit in:

- 'n **Daaglikse dagstukke-groep**, waar jy elke dag 'n stemboodskap met 'n geestelike inslag, opgeneem deur ons leraars en oudleraars, ontvang.
- 'n **Kampeergroep** vir alle kampeerentoesiaste.
- Die **VatVyf-groep** vir seniors.
- 'n **Bybelskoolgroep** met inligting oor kwartaallikse Bybelskoolkursusse.

Skandeer die QR-kode hieronder, genaamd *Gemeentegroepe*, om by die WhatsApp-gemeenskap aan te sluit. Met die QR-kodes vir *Annibrand Junior* en *Annibrand Senior* kan jy ook by die onderskeie kategese-graadgroepe se WhatsApp-groepe aansluit **OF** WhatsApp eenvoudig jou selfoonnommer na **081 045 2428.**

**Gemeentegroepe** | **Annibrand Junior** | **Annibrand Senior**

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie tydens die skoolvakansie nie.

SPASIES VIR OKKASIES

Het jy spasie nodig vir verjaarsdagvieringe, 'n konferensie, ooievaarstee, kombuistee, ens? Die gemeente se sale asook die ou koffiewinkel is te huur teen billike tariewe.

Kontak gerus vir Sheree-Lee Gildenhuys by 083 447 8872 of feesmarkadmin@stellenberg.co.za vir meer inligting en besprekings.

KONTREIKUIER

Op **Vrydag 28 Augustus** kom kuier die Sutherlanders weer in Stellenberg en het ons geleentheid om lekker kontreiprodukte aan te koop. Teken dié datum asseblief in jou dagboek aan. Daar sal klaar voorbereide etes te koop wees asook vars vleis.